# NG Waterkloofrif Afkondigings

Kerkkantoortye
Maandae – Vrydae
09:00 – 14:00

Annelize Riekert
082 4480 934
012 347 9133
wkrif.ngk@gmail.com
https://www.ngkwaterkloofrif.co.za/

Ds Nicole Hamman-Forrest
072 412 0304

Koster - Magda van Zyl
083 651 2290

## 26 NOVEMBER 2023

### ONS IS HIER OM GOD TE VERHEERLIK

**WELKOM ALLE BESOEKERS EN NUWELINGE**

Ons as gemeente, is opgewonde om nuwe intrekkers en besoekers hier by ons te verwelkom! Kom drink gerus tee/koffie saam met ons na afloop van die erediens. Ons wil jou graag ontmoet. Wil jy jou lidmaatskap hierheen bring? Op die inligting tafel in die voorportaal is 'n **"NUWE INTREKKER"** vormpie wat jy kan invul en in die kluis (voorportaal) pos.

### AANBIDDING

| SONDAG PROGRAM | | | |
|---|---|---|---|
| **SONDAG, 26 NOVEMBER 2023 KERSSANGDIENS** | | **SONDAG, 3 DESEMBER 2023** | |
| 08:30 | Kom ons bid saam** | 08:30 | Kom ons bid saam** |
| 08:45 | Erediens reëlings: Konsistorie | 08:45 | Erediens reëlings: Konsistorie |
| 09:00 | Kerssangdiens: Ds Nicole Hamman-Forrest<br>Skriflesing:<br>Deurkollekte: Tieners | 09:00 | Erediens: Ds Nicole Hamman-Forrest<br>Deurkollekte: CMR |
| 10:00 | Gemeente kuier: Vrugteslaai en Roomys | 10:00 | Gemeente kuier (tee/koffie) |
| 12:00 | Multi-taal diens | 12:00 | Multi-taal diens |

****KOM ONS BID SAAM**

Almal wat 'n behoefte het om saam te kom bid is welkom. Selfs tydens skoolvakansies en langnaweke kan daar informeel bymekaar gekom word om te bid. Dit vind Sondae voor die Erediens, in die kamertjie op die kerk stoep plaas. Ons bid vir alles en almal rakende ons gemeente, ons stad, ons land, vir die persoon of saak wat op jou hart druk. Hardop bid is opsioneel. Gebedsversoeke is welkom.

**KONTAK MET LERAAR**

Ds Nicole het 'n kantoor in die kerkgebou. Om 'n afspraak met haar te maak kontak haar direk (072 412 0304) of skakel die kerkkantoor (012 347 9133). Ds Nicole verwelkom uitnodigings om gemeentelede tuis of in die hospitaal te besoek.

## DANKOFFERFEES 2023

**BRIEF AAN ONS GEMEENTE ...**
Namens die Finansies Span, wil ons elke lidmaat bedank vir julle getroue bydraes die afgelope finansiële jaar. Dit word opreg waardeer. Ons is bewus van lidmate wat die afgelope jaar finansiële uitdagings gehad het, en steeds die gemeente ondersteun het.

Ons wil ook baie dankie sê vir die wyse waarop u **Dankfees 2023** ondersteun het. Dit het die gemeente in staat gestel om steeds voort te gaan met ons finansiële verpligtinge en bedienings wat ons ondersteun. Ons het tot op datum R116 110.00 ontvang.

Ons bid saam vir 'n mooi jaar verder en 'n Geseënde Kerstyd vir elke familie!

## VOORBIDDING, LIEF EN LEED

Ons bid vir alle lidmate wat siek, bekommerd en hartseer is waarvan ons nie weet nie. Ons weet dat ons Hemelse Vader elkeen se behoefte raaksien en sal sorg.

| | |
|---|---|
| Ons vra asb u volgehoue voorbidding vir die volgende lidmate en hulle families: | Elsa Kemp<br>Victor & Deleen Smit<br>Lydia Malan<br>Kobus Scheepers |

| LIDMAATBEWYSE | REGISTERINLIGTING |
|---|---|
| Baie welkom aan die volgende lidmate in julle nuwe gemeente. Ons bid dat die Here ons saamwees sal seën! | |
| Leonie Vorster<br>Christel Vorster | Leonie BASSON (nou VORSTER) en Christel VORSTER vanaf die NG Gemeente, Moreleta Park |

## VERJAARSDAE

Dit is ons gebed dat die Here jou nuwe lewensjaar sal seën ver bo jou verwagting en aan jou sal gee meer as net die begeertes van jou hart.

| | |
|---|---|
| **26 November**<br>Ronel Gerber 084 4829 217 | **27 November**<br>Sarel Smit 082 2022 123 |

## VERSORGING

Die Versorgingspan vra dat gemeentelede die vrymoedigheid moet hê om hulle te kontak as die nood druk en om die span op hoogte te hou van hoogte-en laagtepunte in hul lewens. Kontaknommers: Kerkkantoor (012 347 9133 of ds Nicole 072 412 0304)

Versorgingsdienste aan veral, maar nie uitsluitlik, senior- en siek lidmate van ons gemeente word met deernis verskaf. Afhangende van die omstandighede word geestelike en emosionele ondersteuning gebied. Waar geregverdig, word ook seker dienste verskaf soos dringende inkopies wat gedoen moet word, vervoer na apteek/geneesheer, die aflaai van 'n bordjie kos, ens. Ekstra hande en hulp is altyd welkom. Indien jy betrokke wil raak by die Versorging span sal ons die hulp baie waardeer. Dit behels om saam met die predikant besoeke te doen of iemand te help of by te staan wat hulp nodig het. Kontak ds Nicole indien u belangstel.

## TEE/KOFFIE BEDIENING – SONDAE NA EREDIENS

Ons drink weer vanoggend tee/koffie na die Erediens. Almal is welkom! Die doel van die samesyn is vir lidmate om mekaar beter te leer ken, lekker saam te gesels en mekaar te ondersteun waar nodig. Ons doen 'n beroep op ons dames/mans om asb betrokke te raak by die bediening/opruiming na die tyd, sodat hierdie heerlike geleentheid om saam te kuier as 'n gemeente, nie verlore gaan nie.

## UITREIK

## WESPOORT VOEDINGSKEMA

**BYDRAES VIR WESPOORT**

Baie dankie aan almal vir die bydraes. Met al die skenkings het julle gesorg dat hulle hierdie gesinne se Kersfees spesiaal kan maak.

Groete
Magda en Deleen

**Dollie van Wespoort**

| | |
|---|---|
| 26/11 | Lyfseep |
| 03/12 | Blikkies groente |
| 10/12 | Tandepaste |
| 17/12 | Klein blikkies konfyt |
| 24/12 | Lyfseep |
| 31/12 | Tandepaste |

## HUIS HJ PIEK

**KERSETE BY HUIS PIEK – 10 NOVEMBER 2023**

'n Lieflike Kersete is aangebied vir die inwoners van Huis Piek. Die foto's reflekteer die pragtige gedekte tafels met kersversierings. Al die inwoners, bestuurslede en lede van die Vrouedienskomitee het heerlik saam gekuier in 'n vrolike kers atmosfeer. Die tafelgebed is gedoen deur ds Koos Serfontein en dr Botha Van Aarde het die verwelkomings gedoen. Die gaste is vermaak deur Marialva van Loggerenberg se klavierspel en Frik Jordaan wat musiek gemaak het op 'n saag.
Almal daar kon smul aan heerlike kos deur Ciela Bloem en haar personeel. Die seekoskelkie is gevolg deur sappige beesfilet, groente en slaaie en is afgesluit met granadilla koekstruif.

Die jaar kon op 'n vrolike noot afgesluit word, ook met dankbaarheid omdat Huis Piek akkommodasie kon verskaf vir inwoners van Harmonie Hof wat gesluit is. Huis Piek huisves tans 60 ouer persone.
Lizette en Deleen

Vir meer inligting, besoek Huis HJ Piek se website (https://huispiek.co.za) of facebook blad

## FINANSIES

### DEURKOLLEKTE: NOVEMBER 2023

Op die kalender is daar elke maand 'n projek waarvoor daar spesifiek deurkollektes gehou word. die deurkollekte in November word vir ons TIENERS ingesamel.

### MAANDELIKSE DANKOFFER

Namens die Kerkraad wil ons elke lidmaat bedank wat getrou finansiële bydraes lewer. Dit word opreg waardeer. Finansiële bydraes deur gemeentelede stel Waterkloofrif NG Kerk in staat om finansiële verpligtinge na te kom asook om ander bedienings te ondersteun waar moontlik. Bydraes kan op die volgende maniere gedoen word:

**KOEVERTE**

Daar is koeverte in die ingangsportaal op die tafels beskikbaar vir diegene wat verkies om hulle bydraes maandeliks per koevert te betaal. Koeverte kan in die kollekte bordjie of in die klein kluisie in die voorportaal gegooi word.

**INTERNET BETALINGS (EFT)**

Lidmate wat maandeliks hulle dankoffers elektronies wil doen, kan dit in die volgende bankrekening inbetaal:

NG Gemeente: Waterkloofrif
ABSA Tjekrekening
Brooklyn: Takkode 335345
Tjeknr. 1500 580 522
Verwysing: (Voorletters en van)